Negester
STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 5 No. 4 April 2023

# BLYDSKAP

Ek het eendag gehoor hoedat iemand die volgende unieke stukkie insig kwytraak … *verrimpelde suurpruim gesigte ná ŉ kerkdiens is nou nie juis ŉ wafferse advertensie vir Christenskap nie!*

Sulke tiperende uitsprake ‘knibbel’ maar gewoonlik aan my binneste, dalkies omdat ek sélf iemand is met ŉ gesig wat maklik as ‘omgesukkel’ of ‘ernstig’ geïnterpreteer word, al ervaar ek nie eers noodwendig op daardie oomblik sulke emosies nie. Maar ja, hoe lui daai gesegde nou weer … *ŉ gevreetjie wat net ŉ ma kan liefhê* … én gelukkig darem my beste helfte ook. Feit bly egter dat, ongeag selfs die moeilikste omstandighede, uiteindelik laat God jou weer lag en uitroep van blydskap (Job 8:21, DB)!



Ek onthou sommer die storie van die dogtertjie wat die ou oom trompop geloop en hom gevra het of hy dit nie wil oorweeg om sy lewe vir Jesus te gee nie … en nee, dit was lank voor Negester se ontstaan, so dit was nie een van óns inwoners nie <hehehe>. Heel verbaas en verontwaardig reageer die oom … *my kind, ek het dit al lánkal gedoen*! Sonder om enigsins van stryk gebring te word antwoord die dogtertjie ewe kalm terug … *maar oom, dan’s dit mos nou hoog tyd dat oom se hart dit vir oom se gesig begin vertel*!

Humor – en veral die klank van iemand wat uitbundig skaterlag – is aansteekliker as verkoue. Wanneer mense saam lag, inspireer dit hoop en veroorsaak dit iets wat in blydskap uiting vind … en blydskap het weer ‘n helende effek op die liggaam, deurdat dit jou immuunstelsel versterk, energievlakke verhoog, pyn verminder en die skadelike impak van stres teenwerk … ai, dink ek skielik aan my oorlede liefste moeder wat so oorvloediglik en uitbundig uit haar maag uit kon lag.

ŉ Vrolike en blymoedige gesindheid maak ŉ wêreldse verskil in selfs die moeilikste omstandighede. Nie net veroorsaak dit innerlike genesing nie, maar dit bevestig ook geloof en vertroue in ons Hemelse Vader! Ek is amper seker die Engelse spreekwoord … *laughter is the best medicine* … is deur ŉ blymoedige Christen verwoord na aanleiding van Spreuke 17:22 wat leer: *ŉ Vrolike mens is soos goeie medisyne* (NLT).

Dis baie interessant hoedat God vir Abram en Sarai uitkies en juis vir húlle ŉ belofte gee … dat Hy hulle 'n groot nasie sal maak (Genesis 12:2), en dat hulle ŉ nageslag sal hê so baie soos die stof van die aarde en die sterre in die hemelruim (Genesis 13:16; 15:5).

Sarai blý egter kinderloos en dan, wanneer Abram en Sarai onderskeidelik 99 en 90 jaar oud is en menslik gesproke al by kinders-kry ouderdom verby is, sluit God met Abram 'n verbond (Genesis 17), verander Hy hulle name na Abraham en Sara en bevestig Hy dat Hy vir Abraham uit Sara 'n seun sal gee. God se weë en planne is darem net só anders as ons mense s’n!

En die uiteinde van Sy belofte?

Dit wat Abraham en Sara – gegewe die ‘realiteit’ van hulle gevorderde ouderdomme en vanuit hulle menslike perspektief – aanvanklik amper half verbouereerd laat lag het (Genesis 17:17; 18:12), ontaard uiteindelik in dankbare blydskap toe die God van die onmoontlike Sy woord gestand doen en Isak – hulle

verbondskind wie se naam in Hebreeus beteken '*gelag*' – 'n jaar later gebore word en Sara uiteindelik kan bevestig: *God het my diep gelukkig gemaak. Almal wat my verhaal hoor, sal saam met my lag.* (Genesis 21:6 DB)… WOW!



Om vrolik te lag is 'n sleutelkomponent van blydskap en 'n viering van God se goedheid en guns. As kinders van ons Hemelse Vader is ons opgewonde, nie noodwendig altyd as gevólg van ons omstandighede nie, maar ten spýte van omstandighede en omdat ons blydskap in die Hére is (Fillipense 4:4). Psalm 68:4 bevestig dit ook … *Maar die regverdiges is bly, hulle juig voor die aangesig van God, en hulle is vrolik met blydskap*.

Mag God ons sin vir blydskap só verdiep dat die tragedies, die stryd en die bekommernisse van hierdie wêreld, deur Sý Goddelike vreugde en blydskap verswelg sal raak. Kom ons dien en aanbid Hom met blýdskap en ons kom voor Sy aangesig met gejúbel (Psalm 100:2)!

*Hemelse Vader, blydskap is só spesiaal dat Jesus sélf in Johannes 15:11 bevestig … Dit het Ek vir julle gesê, sodat My blydskap in julle kan wees, en julle blydskap volkome kan wees!*

*Ewige Bron van vreugde en blydskap, leer my om deurentyd 'n verspreider van U lieflike aroma te wees … iemand wat my leefwêreld met blýdskap, ópgewondenheid en éwige hoop vul! Laat die blymoedigheid van geloofsekerheid … die blye wete dat ek U kind is, my volkome verlossing in Jesus … elke dag met blydskap uit my wese, lewe en optrede straal.*

*AMEN*

Groetnis
Pierre Jordaan

# Tong in die kies …

## Gee die honde kos




Die volgende storie is vertel:

Enige mens wat al ooit koerante afgelewer het, sal kan identifiseer met dié gebeure ... Sakgeld is 'n noodsaaklikheid en daarom het ek die aaklige werk gedoen. Vroeg opstaan, donker-koud-reën, naweke, vakansies. Ek haat dit! Ek haat die klaende ooms en tannies wat my inwag met instruksies. "Nee, die koerant in die posbus, nie op die grasperk nie! Waar is gister se koerant? Die koerant is nat! Die koerant lê die hele wêreld vol!" Ai, ai, ai! En dan die vervlakste honde: jaag jou, blaf vir jou, byt jou, grom en wys tande vir jou, gryp die koerant by jou … My selfverdedigingswapens was ontoereikend: klippe, skop, waterpistool, klappers, stokke ...

Net soos tye en maniere van doen verander, hoor ek toe jare later dié verrassende oplossing ...

'n Seun wat ook koerante aflewer se plan: Hy het 'n sakkie hondekos saamgery en elke dag omtrent 18 honde kos gegee!

∴ Honde was mý vyande – Honde was sý vriende.

Dalk moes ek eerder aan **<u>dié</u>** plan gedink het.

**<u>Daarom</u>**: Gee die honde langs jou pad kos, en sien die uitkoms.

Gusta

Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com

# NOU…

**nou toe**

Hul breek nie brandhout van dieselfde tak nie.

**<u>Betekenis</u>**:

**Afrikaans**:  Hulle kom nie met mekaar klaar nie.

**Engels**:  They don’t hit it off (with one another).



## NEGESTER: BYEENKOMSTE 2023: TENTATIEWE DATUMS

| DATUM | FUNKSIE | SAMEROEPER | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|---|
| 3 Mei | Wyngilde | Derek/Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 13 Mei | Sterrelig: Vrou Wees | Nellie/Annamarie | 083 680 6965/082 460 4570 |
| 25 Mei | Bingo middag | Derek/Gusta/Alida | 083 286 5066 |
| 21 Junie | Wyngilde | Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 24 Junie | Markdag (inwoners) | Annatjie | 082 354 3705 |
| 21 Julie | Kansa: Potjie aand | Nellie | 083 680 6965 |
| 9 Augustus | Sterrelig: Vrouedag | Annamarie/Nellie | 082 460 4570/083 680 6965 |
| 16 Augustus | Wyngilde | Derek/Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 23 Augustus | Bomabraai | Derek | 083 286 5066 |
| September | Lentestap (Datum sal bevestig word) | Omgewingsgroep | |
| 23 September | Nas. Braaidag (Datum sal bevestig word) | Derek | 083 286 5066 |
| 6 Oktober | Restaurant dag | Derek | 083 286 5066 |
| 11 Oktober | Wyngilde | Alida | 071 609 6705 |
| 20 Oktober | Cansa Flower Power | Nellie | 083 680 6965 |
| 23 November | Kerssangdiens | Derek/Gusta/Alida | 083 286 5066/083 287 9925 |
| 29 November | Wyngilde | Derek/Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 2 Des | Markdag (opemark) | Annatjie | 082 354 3705 |

## Negester wyk van NG Moedergemeente Warmbadhou Bybelse ete

Ons het heerlik gekuier en geëet aan al die kos wat in die Bybel genoem word. Van lensiesop tot heerlike voorbereide wild- en skaapvleis. Om nie eers te praat van al die lekker vrugte nie: granate, appels, druiwe, vye, dadels, ens. Dan was daar nog 'n verskeidenheid neute en ander groentegeregte. Brode met lekker botter en konfyt.

Die dag na die ete boul iemand my uit met die vraag: nou hoeveel Bybels het julle geëet? Ek kon nie dadelik antwoord nie, maar het later besef dat ons tog lekker geëet het aan die Bybel. Ds. Herklaas het ons geleer van verskeie gebruike en tradisies in die Bybelse tyd. Ons het ook geleer watter kos die mense in die Bybelse tyd geëet het, asook al die speserye wat in die Bybel genoem word.

Baie dankie aan almal wat die tafels gedek het, vir die voorbereiding van die kos, en die ete bygewoon het. Dit was lekker om die samewerking van die gemeentelede waar te neem.

Vriendelike groete
Gerhard







# UIT DIE HEV KANTOOR

**Terugvoer oor die algemene vergadering van 22 April 2023**

Eerstens wens ons graag vir Wessie van der Westhuizen (erf 167) geluk met sy benoeming as lid van die Direksie van Negester se HEV, welke benoeming van krag sal wees tot en met die volgende AJV. Terselfdertyd ook ’n baie groot dankie aan Chris Heyman vir die tydperk wat hy as Direksielid gedien het, en ons bid hom sterkte toe vir die tyd wat voorlê.

Dawie van Niekerk se terugvoering

1. Onderhandelings met Vodacom verloop baie goed. Die goeie nuus is dat Vodacom beoog om in 2024 ‘n groot toring op Negester se perseel op te rig om meeste van die huidige seinprobleme aan te spreek.
2. Die bedryfsondersoek na gesondheidsorg vorder goed en verloop steeds volgens die voorgestelde tydlyne. Die volgende stap is die opstel van ‘n tenderdokument, wat in Meimaand aan verskaffers gestuur sal word vir hulle insette en terugvoer.
3. As gevolg van groei in wildsgetalle tot heelwat bokant dit wat in Negester se permit toegelaat word, is dit nodig dat van die wild gevang moet word. Dit gaan deur die gebruik van ‘n passiewe wildvang sisteem geskied, wat ook beteken dat die proses baie selektief uitgevoer kan word.
4. 'n Drukverlagingsklep gaan op die hoof water toevoerpyplyn geïnstalleer word om die hoë druk in die pype van die laerliggende deel van die landgoed te verminder, wat ook ’n positiewe effek op pypbarste sal hê.
5. Die strepe op die padoppervlaktes gaan binnekort weer oorgeverf word.

Johan van Heerden lê die begroting van 2023/2024 voor en - na bespreking van verskeie punte - word die begroting deur die lede aanvaar en goedgekeur. Dit sluit ook in die goedkeuring van ‘n kapitaalheffing van R200 per maand, vir die volgende 12 maande, met die uitdruklike voorwaarde dat enige kapitaal-spandering éérs met eienaars gekommunikeer en deur hulle goedgekeur moet word alvorens dit uitgevoer sal word.

Die direksie bedank almal vir die uitstekende gesindheid waarin die vergadering plaasgevind het en bedank almal vir hulle bywoning.

Vriendelike Groete

Negester Direksie

## Boererate



**Vingernaels wat breek**

Neem soggens 2 teelepels gelatien in 1 koppie kookwater opgelos.

Maak die smaak lekker met bietjie heuning of suiker.

## LAG ‘N SLAG



**Volslae luiaard:**

- Al gehoor van die ou wat so lui is dat hy nie eers wil bewe wanneer hy kouekoors kry nie?
- En die man wat nie wil skottelgoed was nie, en daarom vir sy vrou sulke duur breekware koop, dat sy nie kan bekostig dat hy dit was nie?




# S O R G S E N T R U M



In die lig daarvan dat 9 Maart wêreld nierdag was, is dit gepas om ŉ paar feite oor die mens se niere in oënskou te neem. Niere en niersiektes is immers wêreldwyd ŉ ernstige mediese probleem, en SA is een van die lande met die hoogste aantal mense met eindstadium nierversaking. Relatief min orgaan- en weefseloorplantings word hier gedoen in vergelyking met ander lande.
Niersiektes is tans ŉ baie ernstige probleem vir medisyne en die mensdom. Die feit is ook bekend dat hierdie soort siekte kan voorkom sonder enige simptome. Dit is ŉ "stille" siekte en vertoon in sy vroeë stadium geen spesifieke simptome, wat ŉ wanfunksie van die niere aandui nie.
Elke orgaan in die menslike liggaam het ŉ spesifieke funksie.
Die nier is ŉ boontjievormige uitskeidingsorgaan, vorm deel van die urinêre stelsel en filtreer afvalstowwe vanuit die bloed en skei dit saam met water as urine uit.
Die niere speel ŉ belangrike rol t.o.v. die behoud van die liggaam deur op ŉ selektiewe wyse die afvalprodukte van die liggaam uit te skei. Die niere is ook verantwoordelik vir die vervaardiging van twee hormone wat onderskeidelik invloed op die produksie van rooi bloedselle en bloeddruk uitoefen.

**SIMPTOME:**

**Pyn**

Pyn in hierdie gebied kan ook dui op die teenwoordigheid van heeltemal ŉ ander siekte, daarom is self-diagnose op grond van net een simptoom, pyn, onmoontlik.
Rugpyn is gewoonlik konstant, dof of skerp aan een of beide kante.
Pyn tydens urinering is ŉ aanduiding van urienweginfeksie wat kan lei tot nierinfeksie indien dit nie behandel word nie.

**Urine**

**I**n ŉ gesonde persoon kan die urine volume wissel van 700 ml tot 2 liter/dag.
In sekere niersiektes kan die volume verhoog tot selfs 2,5 liter of meer. Die urine self word dikwels vaal asof verdun met water. In sommige niersiektes kan die volume verminder tot 500 ml/dag.
Donkergeel, bruin of sterk reuk urine kan ŉ aanduiding van niersiektes wees.

**Groter dors**

Ervaar dikwels verhoogde dors agv die verhoogde volume urine wat uitgeskei word, die liggaam huisves nie genoeg vloeistof nie.

**Ander simptome wat kan aandui dat die niere nie behoorlik funksioneer nie:**

- Periodieke koors
- Verminderde aptyt
- Naarheid en braking
- Swelling van bene en maag
- Gewigsverlies

Enige gevoelens van malaise, gekombineerd met die ander genoemde simptome, kan sleutelaanwysers van ernstige nierinfeksie wees.
Verkeerde behandeling kan lei tot swak gesondheid.
Slegs ŉ spesialis kan die korrekte diagnose maak en bevoegde behandeling voorskryf. Selfmedikasie in hierdie geval kan net lei tot aansienlike gesondheidsprobleme en selfs tot onomkeerbare gevolge. Dit verg die volle samewerking van die dokter, sowel as die pasiënt, om korrek gediagnoseer te word.
Aandag moet gegee word aan voorafbestaande toestande soos diabetes, hipertensie en ander waarskuwingstekens soos skielike swelling van die bene, of die gedurige behoefte om in die nag te urineer.
ŉ Mens dink nooit regtig aan jou niere en die funksie wat dit verrig, tot die dag wat dit nie meer werk nie.
Drink genoeg water. Jou niere sal jou ewig dankbaar wees omdat jy na hulle omsien. Die ideale hoeveelheid vloeistof wat jou liggaam benodig, word beïnvloed deur hoe aktief jy is, en die klimaat waar jy woon.
Moenie rook nie, en indien jy wel rook, hou op. Rook veroorsaak dat daar minder suurstofdraende bloed na jou niere en ander organe vloei, wat nierfunksionering beïnvloed.
Vermy die gebruik van oor-die-toonbank anti-inflammatoriese medikasie.

Delia

# Ons verwelkom die nuwe "Lady with the lamp" by die Sorgsentrum



Suster Loret Rainier is aan die begin van Maart by die Sorgsentrum aangestel om die werkslas daar te help verlig. Sterrelig het gaan kennismaak:

Sy het in Carletonville grootgeword en het na skool haar verpleegopleiding aan die Universiteit van Potchefstroom ontvang. Daarna het sy vir 20 jaar as Eenheidsbestuurder in die Verloskunde-eenheid by Medi-Clinic in Vereeniging gewerk.

Hulle is van Vereeniging Kaap toe verplaas en aangesien daar nie ŉ pos beskikbaar was in die verloskunde-afdeling by die Medi-Clinic hospitaal in die Kaap nie, is sy in ŉ opleidingspos geplaas, waar sy opleiding aan eerste- tot finale jaar verpleegstudente gegee het. Alhoewel haar passie in die verloskunde was, het sy egter die opleiding van studente baie geniet en was 12 jaar in dié pos.

Haar ma het siek geword en hulle het van die Kaap na Bela-Bela toe verhuis omdat sy moes help met die versorging van haar ouers. Hier het sy by die Provinsiale Hospitaal begin werk en was betrokke by beide opleiding en verloskunde.

Sy het afgetree net voor die Covid pandemie in 2020 en is deur die Van Heerden Apteekgroep genader om die Covid inentings vir hulle te kom doen. Sy het gehoor van die pos by Negester se Sorgsentrum en het by Medwell daarvoor aansoek gedoen.

Alhoewel sy haarself as ŉ introvert beskou, is sy ŉ omgeemens wat daarvan hou om diensbaar te wees vir haar medemens. In haar vrye tyd hou sy daarvan om te bak en brou en is, volgens haar, "ŉ boffin op nageregte". Sy lees graag speurverhale en hou daarvan om te help met projekte vir liefdadigheid soos die brei van teddiebeertjies, ensovoorts.

Ons wens Suster Loret voorspoed toe op haar pad saam met ons hier by Negester en glo sy sal net sulke diep spore in ons harte trap soos Suster Delia.

Dalene



## Spreuke van C.J. Langenhoven ...

**<u>Wysheid en kennis:</u>**
Die wêreld die draai
Nou is hy vriendelik en dan is hy kwaai;
Vandag is hy soet en môre weer suur,
Geen blydskap hou stand en geen droefheid duur."




Kom geniet jou vrouwees en ontspan oor ŉ koppie tee en ŉ lekker eetbederf.

Die tema van die gasspreker sal so reg in jou kraal val.

Bring jou vriendinne saam en moenie hierdie besonderse geleentheid misloop nie.

Bespreek sommer nou!

# -Sekuriteit-

## Fire extinguishers @ Negester

We mostly see a fire extinguisher as an unnecessary expenditure, till we need one, and then regret our lack of foresight. Since the Bela-Bela fire department is far away, we are basically dependent on our own resources and defences for a first response, and a good fire extinguisher can go a long way in preventing a runaway house fire.
The following table describes some of the classes of fire (A, B & C) that have been defined, minimising fire damage and the recommended types of fire extinguishers that should be used in those circumstances:

### WHAT TYPE FIRE EXTINGUISHER FOR WHAT CLASS FIRE

| Class | A | B | B | C |
|---|---|---|---|---|
| **Type** | **Solid combustible materials** e.g. Wood, paper, fabric, rubbish, plastics, cardboard and | **Flammable liquids** e.g. Fuel, kerosene, grease, paint or any non- metal in a liquid state. | **Flammable gases** e.g. Methane and propane. | **Electrical equipment** e.g. Computers, motors, generators, inverters |
| **Approved Fire Extinguishers** | A<br>A-B | A-B<br>B-C<br>A-B-C | A-B<br>B-C<br>A-B-C | B-C<br>A-B-C |
| **Dry Powder** | ☑ | ☑ | ☑ | ☑ |
| **Foam** | ☑ | ☑ | ☑ | ☒ |
| **CO2** | ☒ | ☑ | ☒ | ☑ |

Legal requirements are in place, with the aim of directing us as to the minimum fire protection we should have in our houses. For our type of environment, a choice between the following types and sizes is required:

- Foam 9 litre
- Dry Chemical Powder 4,5 kg
- CO2 5 kg

Dry Chemical Powder extinguishers are cheaper, but can make a mess after use. For kitchen/braai fires the use of a fire blanket shall also be considered.
As more and more houses have solar systems with inverters and lithium batteries in their garage, it is prudent to have specific protection for this. Most installers, so far, recommend a plain Dry Powder extinguisher, but if you want to have better protection, rather go for a CO2 extinguisher. The CO2 cools the fire down and takes oxygen away from the fire. However, never use such an extinguisher in a closed room. Specific Lithium Extinguishers (AVD Lith-Ex) exist, but can be rather expensive. Legislation surrounding the fire protection of lithium batteries is in process, but has not yet been promulgated.
Lastly, make sure whether your house (not content!) insurance has specific requirements for fire protection, particularly when you have a solar system.
Is your fire protection in order?

Stay safe.

Ruud van Nieuwenhoven
Nood- en Sekuriteitskomitee.

## BAIE DANKIE

Ek wil graag baie dankie sê vir een en elk van julle boodskappe, oproepe en gebede tydens my siekte. Ek waardeer dit meer as wat woorde kan sê. Soos baie van julle reeds gesien het, is ek weer by die huis en op die been (net een been), maar dit gaan baie goed met my.
Groete,

*Ria Fourie*



# Toegang tot ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord

Die volgende reëls en riglyne vir toegang tot die ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord (hierna genoem, KKV), is van toepassing:

### Toegang tot KKV gedurende die week (Maandag tot Donderdag)

- Slegs Negester Klein-Kariba-eienaars kwalifiseer vir gratis toegang tot KKV. Dit behels:
  - Gratis toegang vir eienaars en hul gaste vir die gebruik van nie-betaalde fasiliteite en geriewe.
- Toegangs-ure via Kapelhek na KKV:
  - 06:00 tot 18:00 (Maandag tot Donderdag).
  - 06:00 tot 14:00 (Vrydag).

### Algemeen

- Indien 'n eienaar sy/haar huis verhuur, sal hierdie toegangsreëls ook op die huurder van toepassing wees.
- Vir enige navrae rakende toegang tot KKV buite bogenoemde toegangsure, kontak hulle gerus op 014 736-9800.

# Access to ATKV Klein-Kariba Holiday Resort

The following rules and guidelines for access to the ATKV Klein-Kariba Holiday Resort (hereafter referred to as KKHR), apply:

### Access to KKHR during the week (Monday to Thursday)

- Only Negester Klein-Kariba owners qualify for free access to KKHR. This entails:
  - Access for owners and their guests to make use of the free facilities and utilities.
- Access times via the chapel gate to KKHR:
  - 06:00 to 18:00 (Monday to Thursday).
  - 06:00 to 14:00 (Friday).

### General

- Should an owner rent out his/her home, above mentioned rules and guidelines will also apply to such tenants.
- Please contact KKHR at 014 736-9800 for any enquiries relating to access outside of the abovementioned times.

# Taalgoeters

**TAAL IS KOMMUNIKASIE**

In hierdie dae hoor ons baie van sonpanele, "inverters" en batterye omdat daar groot probleme by Eskom is. Ons praat van fotovoltaïse selle. Waarom fotovoltaïse selle? Eerstens: die selle is vernoem na die ontwerper daarvan, Allesandro Volta (1745 -1827, 'n Italiaanse fisikus. En tweedens: Die selle gebruik lig (foto=lig) om deur 'n chemieseproses elektrisiteit op te wek.

Tydens die covid-era was die woord "pandemie" baie gebruik. Pan (Grieks) = oral en demie uit demos = mense. So is epidemie wel kleiner van omvang, maar nogtans 'n probleem; epi (Gr) = bo-op en demos = mense.

Nou, van mense gepraat: Langerhans (1847-1888) 'n Duitse histoloog het die eilande in die pankreas ontdek wat verantwoordelik is vir die vorming van insulien. Let op die woord insulien, (uit Latyn) insola = eiland, verwysende na die eilande van Langerhans. So het elke woord 'n etimologie, 'n oorsprongsgeskiedenis.

Die ou Afrikaanse woord "skier" beteken byna, amper, en ons kry dit bv. in skiereiland, waar 'n smal landgedeelte slegs met 'n klein gedeelte nog aan die groter land verbind is. In Engels is dit pen-insula, met die prefiks pen (uit Latyn) paene = byna, amper. Wat die etimologie van die Afrikaanse skier is, kon ek nog nie vasstel nie - kom dalk van ver terug af.

Henk



# ’n Boodskap uit die landgoedkantoor

Aprilmaand is op sy rug en die vroeë oggendlug is al koud genoeg om na ‘n warm ding te begin gryp.

Ek hoop almal se Paasnaweek was baie geseënd en dat die kuier saam met familie en vriende baie lekker was. Hier in die kantoor heet ons graag vir Celest baie welkom en ons vertrou dat sy baie gelukkig by ons sal wees.

Ons onderhandelinge met Vodacom verloop goed en hulle het vir die korttermyn die naaste torings aan ons skottels gestel om meer op ons te fokus. ’n Groot pluspunt is egter dat Vodacom wél ‘n toring vir Negester in hulle beplanning geallokeer het, maar ongelukkig gaan dit eers in 2024 opgerig kan word as gevolg van hulle begroting en beplanning.

Ons is ook in proses om alles in plek te kry om ‘n drukverlagingsklep op die hoof-watertoevoerpyp na die laerliggende gedeelte van ons landgoed te installer, ten einde die huidige hoëdrukprobleem in die stelsel sinvol aan te spreek. Ons watertoevoer is mooi konstant en alle doseringspompe is gediens en werk optimaal.

Die spuit van lantanas vorder goed en ons begin ook met die sny van gras onder die kraglyne en langs die heinings om gereed te wees vir die brandseisoen. Die vlagpale is oorgeverf, en die verf van ons strate se strepe is volgende op die lys.

Daar was geen sekuriteitsvoorvalle nie, en baie dankie aan die Nood- en Veiligheidskomitee lede wat hard werk om ons landgoed ‘n veilige tuiste te hou.

Groot dank ook aan al my personeel wat alles mooi vlot laat verloop het toe ek bietjie weg was ... julle is almal staatmakers!

Onthou*: Jy kan nie altyd net goeie dae hê nie, maar jy kan altyd ‘n slegte dag met ‘n positiewe houding hanteer.*

Vriendelike groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)

# Gewone duiker (Sylvicapra grimmia)



Die **duiker,** dikwels ook die **gewone of grys duiker** genoem om dit van die ander duikers te onderskei, is 'n klein wildsbokkie wat in Afrika, suid van die Sahara, aangetref word. Duikers is deel van die Bovidae familie – subfamilie: Cephalophinae wat uit ’n verstommende 18-spesies bestaan.



'n Volwasse duiker het 'n gemiddelde massa van 12 kg en 'n hoogte van ongeveer 50 cm. Duikerrammetjies het twee horings; die langste horings wat al aangeteken is, was 18 cm.

Die kleur van 'n duiker wissel van gryserig tot roesgeel. Onder is hy gewoonlik wit, alhoewel hy ook grys of rooierig getint kan wees. Die voorkop is gewoonlik rooier en donkerder as die res van die liggaam en het 'n kenmerkende swart streep oor die neus.

Duikers eet hoofsaaklik blare van verskeie plante, vrugte en sade, wortels, bas, blomme, swamme, ruspes en soms selfs klein voëlkuikens.

Na 'n draagtyd van 4 maande skenk die ooi geboorte aan 'n enkele lammetjie. Duikers het 'n moontlike lewensduur van 9 jaar.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom, kom van die volgende bronne:

- Stuart’s Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie

# CACTUS PLANTS ARE INTERESTING

**ORIGIN AND HISTORY**

In the Cactaceae family the Greek word “cactos” means thistle.

All cacti plants originate from the American countries, but were introduced world-wide by man or, in some cases due to its sticky fruit, by birds.

The majority of the South American cacti species originated in Argentina, Uruguay and Paraguay, with large concentrations in the neighbouring Bolivia. The Toltecs and Aztecs, ancient people of Mexico, worshipped some species of cacti. In Aztec relics and sculptures we find many images of the cactus plants, especially in religious scenes. The large, cruelly spiked cacti were even used as sacrificial altars.

**APPEARANCE AND GROWING**

The spines vary widely in shape, size and colour. Some have white delicate feathers e.g. Mamillaria plumosa, long hairs e.g. Cephalocereus sinilis (Old Man cactus) or fine wool which completely conceals the stem of other Cerei species. The strong spines of ten or more centimeters long that are yellow, red, brown or black are really amazing. Some have large fish-hooks(Ferrocacti). Spines serve to protect the cacti from animals for which these plants would be a welcome source of food and water. The woolly form is a protection against the cold at night and the heat of the sun.








The greatest attraction of cacti is their magnificent flowers, which are just as varied and colourful as their spines. Bright blossoms enticing insects and humming birds. The enormous white nocturnal flowers attract night-flying pollinators (moths and bats) with their odour. The flowers range from tiny to measuring about 40 centimeters across. Cacti usually flower in the beginning of the growing season. The fruits are generally edible. The fleshy fruits are eaten by birds and thus aid in the further propagation of the plants.

**GROWING**

The growing of cacti involves two aspects, namely cultivation and collection. As with all plants, cacti also need water, even though they have adapted to manage with the minimum amount. Cacti are hardy plants that need direct sunlight for several hours a day during the growing season for good growth, flowering and propagation.

Like all other plants, cacti are also vulnerable to insect pests and diseases. The stems are vulnerable to rot, virus diseases, fungus, scale and mealy bugs.

**USES OF CACTI**

The large fruits of some Cerei, especially those of Opuntias, are a welcome contribution to the diet of the natives of Mexico where “tunas” and cactus figs are eaten fresh, or preserved with sugar, or else made into alcoholic drinks.

In America, cacti often played a role in saving whole Indian tribes from dying of hunger and thirst when travelling long distances.

The juice of “Selenicereus grandiflora” (Queen of the Night), contains a well-known glycoside used in the treatment of the heart. The Indian tribes of America were well acquainted with the intoxicating effect of the juice of numerous cacti.

The effects of mainly the Lophophora williamsii species are best known. This completely spineless cactus, also called “Peyotl”, is a narcotic, and was at one time the object of an Indian cult. The Pyotl is widespread in Mexico, and collected to this day. It contains mescalin, anhalonin, and pelotin which produce colour and sound hallucinations. The ancient cult of Lophophora worship still exists today.

Much has been written about the Lophophora in scientific literature. Their derivatives have been the subject of many modern day medical research projects.

**SOURCE**

**Book:** Cacti and Succulents, A Concise Guide in Colour - by Rudolf Subik.

**Photos:** From my cacti collection.

Cobus Oosthuizen



# Oor 'n koppie tee:



**Ek gesels met Gerhard en Mari Pretorius (364)**

**Waar is julle gebore en het julle grootgeword**?

Mari: Ek is in Zambië gebore. Ek was 2 weke oud toe my ouers Suid-Afrika toe gekom het en ons eers op Potgietersrus gebly het tot ek in Graad 1 was, waarna ons na Swartklip ('n myndorpie naby Thabazimbi) getrek het. Ek was in Swartklip laerskool, waarna ek my hoërskoolloopbaan in Thabazimbi voltooi het.

Gerhard: Ek is op Thabazimbi gebore, waar ek ook op laer- en hoërskool was.

**Waar het julle ontmoet?**

Op hoërskool. Dié skoolkys het toe na skool, in 1980, uitgeloop op 'n troue!

**Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?**

Ons het twee seuns, twee wónderlike skoondogters en drie kleinkinders: twee seuns en 'n dogter.

**Wat was julle beroepe voordat julle afgetree het?**

Gerhard: Na skool was ek vir ongeveer 4 jaar in die Polisiediens. Daarna het ek 21 jaar vir Gold Fields in die mynsekureitsbedryf gewerk. Ek het gedurende hierdie tydperk my graad en ander tersiêre opleiding voltooi. Sedert 2000 was ek in diens van 'n internasionale maatskappy (Beveiliging en Risikobestuur) as Operasionele Direkteur in Suid Afrika, Malawi, Ghana en Zambië.

Mari: Ek het my onderwysdiploma op Potchefstroom verwerf en vir 'n rukkie skoolgehou. Daarna het ek in die bankwese gewerk tot my uittrede.

**Hoekom het julle Negester gekies om te kom bly**?

Gerhard: Ek het 'n onderhoud oor Negester op Ontbytsake gesien en aangesien ons bekend is met, en baie hou van die omgewing, het ons besluit om te kom kyk. Mari se ma is in Die Rusoord op Bela-Bela, wat verder tot die besluit bygedra het om hier te koop en te kom bly.

**Hoe het julle lewenstyl verander vandat julle hier bly**?

Dit het verander van 'n baie gejaagde, doelwit- en loopbaangedrewe lewe na 'n rustiger en dankbaar-doelgerigte lewe.

**Waarmee hou julle julself besig**?

Mari: Ek lees, doen lintborduurwerk (naaldwerk), "*diamond dot*" kuns, skilder, doen sudoku en woordspeletjies, woon pilatesklasse by en soms ook die wateraërobies. Ons stap ook graag, veral die wandelroetes.

Gerhard: Ek lees graag – gewoonlik aan drie verskillende boeke op 'n keer waarvan een geestelik, een nie-fiksie (soos 'n biografie) en een 'n humoristiese kortverhaal is. Verder luister ek graag musiek en is aktief betrokke by ons kerk, veral by die sanggroep. Ek is ook betrokke by Negester se Nood- en sekuriteitsgroep. En soos Mari genoem het, stap ons ook graag.

**As jy jouself in een woord kon opsom, wat sal dit wees?**

Mari: Om mense tot diens te wees.

Gerhard: Daar is te veel dimensies van wie ek is om dit in een woord op te som.

**Noem een ding wat jou ontstel**:

Mari: Oneerlikheid en onopregtheid.

Gerhard: Gebrek aan respek.

**Wat laat jou lag**?

Mari: My man.

Gerhard: Kinderonskuld, en die dinge wat hulle in hulle onskuld kan kwytraak.

**Watter advies sal jy aan vandag se jonger mense gee**?

Mari: Kyk na jouself – na jou voorkoms en gesondheid.

Gerhard: Maak seker van jou beginsels en waardes en leef dit uit.

**<u>GUNSTELINGE</u>:**

**Kos**:

Mari: Boerekos!

Gerhard: Ja, lekker tradisionele boerekos!

**Drankie:**

Mari: Fat Bastard se Chardonnay en Gin en Tonic.

Gerhard: Whisky en 'n goeie rooiwyn.

**Vermaak/ontspanning**:


Albei antwoord dat hulle hou van 'n goeie fliek en lewendige teateropvoerings.

Gerhard se gunsteling fliek is *Fiddler on the Roof* en Mari s'n is *Father Stu.*

**Musiek**:
Mari: Moderne musiek en Golden Oldies.
Gerhard: Alles behalwe Jazz en Kletsrym!
**Boek**:
Mari: Enige boek van Christine le Roux of Francine Rivers.
Gerhard: Die Doelgerigte Lewe ("Wat op aarde doen ek nou eintlik hier"?) van Rick Warren
**Sport**:
Mari: Krieket … net nie 5-dag reekse nie, en rugby.
Gerhard: Krieket en rugby
**Kleur:**
Mari: Ek hou van enige helder kleure.
Gerhard: Seker blou. Meeste van die klere in my kas is blou.
**Dier**:
Mari: 'n Olifant en kameelperde … met hulle lang oogwimpers!
Gerhard: Dolfyne en naaldekokers.
**Vakansieplek:**
Enige plek in Suid-Afrika waar ons die natuur kan geniet.
Dalene

# VARS GEDRUK …

**Titel:** The Silent Girl
**Outeur:** Tess Gerritsen
Ek het 'n tyd gelede die skrywer Tess Gerritsen ontdek en was aangenaam verras to ek uitvind dat die bekende televisiereeks "Rizzoli and Isles" op haar boeke gebaseer is. As 'n aanhanger van die televisiereeks het ek Tess se boeke baie geniet. Ek sal, indien jy nog nie van haar boeke gelees het nie, dit met vrymoedigheid aanbeveel.




Slegs 'n afgekapte hand van 'n persoon word in 'n stegie in Chinatown, Boston gevind. Speurder Jane Rizzoli ontdek die res van die onthoofde liggaam op 'n gebou se dak in die naby omgewing. Die enigste leidraad wat Jane kon kry, was twee hare, en dit was genoeg vir die forensiese patoloog, dr Maura Isles, om 'n verbintenis te maak. Die wrede aanval hou verband met 'n onopgeloste moord/selfdood saak van 19 jaar gelede. Die enigste getuie is 'n pragtige gevegskunsmeester (martial arts master), maar sy het nog nooit gewaag om 'n woord te sê nie.
En nou mag sy dalk nooit die kans kry nie …

Tot volgende maand
Ria



GESONDHEIDSORG

# Wie kan ek kontak?

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Nood-nommer | | 072 312 3499 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |

| Maak asseblief afsprake | | |
|---|---|---|
| **Maandae – Vrydae** | 07:30 - 09:30 | Kliniek |
| **Maandae** | 07:30 - 09:30 | Voetsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 - 09:30 | Haarsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 - 09:30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| **Vrydae** | Middag | Fisioterapeut |






**Reënval**



## LEER KEN VIR ...

# Celesté Theunissen



***Verjaardag:*** 21 November

***Kinders:*** 1 Dogter

***Pos by Negester:*** komitee sekretaresse

***Gunsteling kleur?*** Blou

***Gunsteling sportsoort?*** Gimnastiek

***Gunsteling kosgereg:*** Skaapkerrie

***Gunsteling outeur?*** Chris Carter

***Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is:*** Fish River Canyon staproete doen en Israel besoek.

***Wat maak jou hartseer?*** Diere en mense wat mishandel word.

***Wat maak jou gelukkig?*** Alles wat mooi en goed is.

***Kies een woord:***

| | |
|---|---|
| ***Kos:*** | *Warm*/koud |
| ***Seisoen:*** | Somer/Winter. |
| ***Ry:*** | Vinnig/Stadig |
| ***Vakansie:*** | See/Binneland. |
| ***Persoonlikheid:*** | Ekstrovert/Introvert. |

Namens die redaksie van Sterrelig en die inwoners van Negester:
"Baie welkom."



# Ma se hande

i s
Sagte hande



Waarmee sy jou snyplekke mee sou toeplak,
die slierte hare uit jou oë sou vee en
was ook dieselfde hande wat
die kombers styf om jou winterslyf sou vou.

Dit was ook werkershande,
wat die messe en vurke op die tafel sou
plaas,
wat die besem sou vashou om die werf mee
skoon te vee
en ook dieselfde hande wat
die groenboontjies en pampoen sou sny.

Dit is daardie sagte werkershande wat ek
vandag mis.
Dankie Ma, dat u altyd daar is
met u hande wat verwelkomend
uitgestrek is na my.


©Sonja Peacock

**(Sommer net ietsie vir moedersdag)**



# Boekbekendstelling 15 Maart






Negester se eerste boekbekendstelling- en inwoner storiedag was 'n hoogtepunt en heerlike oggend wat nog lank onthou sal word. Die oggend is afgeskop met Richard Wadley, 'n befaamde skrywer wat regtig toor met woorde, en ons meer vertel het van die oorsprong van die boek WATERBERG WAYS. Ons het behoorlik aan sy lippe gehang en dit was wonderlik om van die familielede van die stories in die gehoor te hê.

Die geleentheid is ook deur ons plaaslike pers bygewoon, en daar het selfs 'n kort artikel in Die POS verskyn waarin Negester vermeld word.



Die program het verder stories van ons inwoners ingesluit en Henk Kruger het ons weer eens verstom met sy vermoë om datums te onthou, en vir sy staaltjies uit die Anglo-Boereoorlog. Rouel Beukes het ons daarna laat skater met 'n jagstorie en verhaal uit sy operadae. Dominee Herklaas Viljoen se woordskets oor sy jong proponentdae het mens laat dink aan die kere wat mens selfs by 'n begrafnis was waar iets leliks verkeerd geloop het, vir hom nogal 'n vuurdoop. Ronel en Bines Schoeman het verras met hulle ontmoetings jare in die Waterberge en die verhale mooi afgesluit met 'n liefdestorie wat die toets van die tye deurstaan het. Daarna is daar heerlik gesmul aan boerekos, Bobotie van Toeka se dae, geelrys met kaneel en rosyne, groenboontjies soos ons oumas dit gemaak het en soetpampoen wat die suiker en cholesterol definitief opgejaag het. Dalk is dit tyd vir 'n kultuurklub by Negester!



Des






**...Lag ... traan ...**

Die redaksie van Sterrelig is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.
Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.







**Regstelling:**
Sterrelig redaksie vra verskoning vir 'n foutiewe byskrif.
Dié papierbasdoring is by Negester se **hoofhek**.


Papierbasdorings by Leonora en Vis se hek

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **014 736 9760/1** |
| **Stasiebevelvoerder** | **082 565 8512** |
| **Sigbare polisiëring** | **082 414 2704** |
| **Speurtakhoof** | **082 319 9336** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Smart Vision Solar (Willy)** | **078 364 1416** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

# Uit Grootjie se kombuis …

Ma het 'n spierwit erde-emmer gehad. Lig jy die deksel, sien jy borreltjies op-en-af "goetertjies" beweeg ... aaaa rosyntjies! Dit lyk snaaks, maar ruik te lekker ... gemmer.

Ma maak gemmerbier!

Heerlik vir die warm Bosveld-dae se dors!

## Outydse gemmerbier

Bestanddele (ongeveer 3 liter)

50 g/ 1 stuk vars gemmer (duimgrootte)
3 liter (12 k) water
750 ml (3 k) suiker
2,5 ml (½ t) droë kitsgis
5 ml (1 t) wynsteensuur
5 ml (1 t) kremetart
90 ml (6 e) rosyntjies

Metode

- Spoel gemmer en sny in kleiner stukkies.
- Plaas in kastrol saam met water en suiker.
- Roer gereeld tot suiker oplos.
- Kook oor matige hitte vir 1 uur.
- Verwyder van hitte en laat afkoel vir 1 uur.
- Roer kitsgis, wynsteensuur, kremetart en rosyne bymekaar.



Meng van afgekoelde stroop by. Roer tot alles gemeng.
Giet rosyntjiemengsel (hierbo) terug in stroop in die kastrol.
Roer nou baie goed.
Sit deksel op en laat staan vir 24 uur.
Rosyne behoort nou bo te dryf.
Skep rosyne en gemmerstukke uit.
Gooi gemmerbier in bottels – NIE tot bo NIE – laat ± 6 cm spasie toe.
Sit ± 2 rosyne terug in elke bottel.
Hou in yskas tot benodig. (Moenie dig seël nie)
~Gusta~



## WYSHEID OF GRYSHEID



Die volgende storie is aan my vertel as 'n ware verhaal. Ek moet bieg dat dit 'n hele ruk gelede was en dat ek dalk 'n feit of twee vergeet het, maar ek vertel dit vir julle soos ek dit onthou. Twee broers, hulle suster, tesame met hulle gesinne, het vir 'n week in die Kruger Nasionale Park gaan kamp. Hulle was kranige kampeerders en die laaste pen was nog nie ingeslaan nie, toe begin die kinders vra of hulle 'n entjie kan gaan ry, net dalk sien hulle 'n leeu of 'n olifant. Die een broer bied toe aan dat almal saam in sy bussie ry, nie net omdat dit meer gesellig sal wees nie, maar ook omdat die bussie hoër as die ander motors is en die kinders mooier na buite sal kan kyk. Almal pas net-net in en so is hulle daar weg om na olifante en leeus te gaan soek. Maar, soos dit nou maar is, kruip die leeus weg en die groot olifante is nêrens te sien nie.
Na 'n rukkie kom hulle op 'n trop volstruise af en, omdat dit paartyd was, was die volstruise glad nie geneë met die bussie wat al nader kom nie. Die broer wat bestuur, stop, maar dit was reeds te laat ... die volstruismannetjie kom met 'n spoed na die bussie aangehardloop en begin die bussie te skop. Almal in die bussie was totaal verslae, want die mannetjie bly die bussie skop. Na 'n paar minute, nadat almal tot verhaal gekom het, sê die een broer se seuntjie – ongeveer vier jaar oud – vir sy pa "Jislaaik pa, hoe skop so 'n "flippen" tarentaal ons kar vol duike". Nodeloos om te sê, daar het 'n geskater in die bussie uitgebreek en die spanning was gebreek.
Gelukkig het hulle vir die res van die week nie volstruise gekry nie en was hulle gelukkig om toe wél leeus en olifante te sien.

Komma, of 'n punt?

Ria

# Kolhaas (Lepus saxatilis)





Die **kolhaas** is 'n haas wat in Suid-Afrika en Namibië voorkom en is volop hier op Negester.

Die kolhaas is groter as die vlakhaas, maar kleiner as die springhaas. Die springhaas is egter nie 'n ware haas nie, maar 'n knaagdier.

Die haas is dof-gelerig met swartgrys kolle wat, van naby beskou, 'n sout-en-peper voorkoms het. Die ken en onderdele is wit. Om die keel is 'n kraag van dieselfde kleur as die bodele, met 'n wit kol op die voorkop. Die kol op die bokant van die nek wissel van baksteenbruin tot oranjegeel. Die stert is swart aan die bokant en wit aan die onderkant, en die pote is dofgeel. Hierdie hase het 'n gemiddelde lengte van 60 cm en die wyfie is effens groter as die mannetjie.

Hulle hou van ruigtes met stukke grasveld en vermy oop grasvlaktes of digte bos. Kolhase is naglewend; hulle kom na sononder uit en soek teen sonop weer hul skuilplekke op. Hulle is gewoonlik alleen en is gevoelig vir koue weer. Kolhase se natuurlike vyande sluit in rooikat, vaalboskat, tierboskat, sivet, rooijakkals en groter roofvoëls (arende en uile).

Hulle eet veral groen gras, blare, lote en stingels. Telkens word twee tot drie kleintjies gebore na 'n dratyd van ±5 weke. Die kolhaas het 'n moontlike lewensduur van 7,5 jaar.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom, kom van die volgende bronne:

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie

# AAN SANTIE STRYDOM

Santie, dit was met 'n knop in die keel en baie vrae in ons gedagtes toe hierdie komitee verneem het dat jy ons gaan verlaat.

Die eerste vraag was natuurlik: "Waar gaan ons weer so 'n aangename persoon kry om mee saam te werk?"

Maar, ja, so is ons mos geleer ... daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Daarom eerbiedig ons jou besluit.

Die komitee waardeer dit wat jy vir ons gedoen het. Vergaderings het altyd vlot verloop agv die voorbereidings en ondersteuning van jou kant af. Nooit het iets kortgekom nie. Jy het selfs plannetjies gemaak vir warm koffiewater met beurtkrag. Vergaderings sou net nie dieselfde gewees het sonder al jou voorbereidings nie.

Jy het ook in ons harte gekruip met jou professionele optrede.



Ons gaan jou menswees mis!


Baie dankie Santie! Ons wens jou alles van die beste toe op jou lewenspad en hoop dat dit wat jy gaan aanpak, jou drome daardeur verwesenlik sal word.

Voorspoed ... staan vas.

Groete

Nood-en Sekuriteitkomitee.


Jou weggooigoed word 'n reddingsboei!
ONS WINKEL
BELA-BELA
Het jy die volgende?
Klere
Linne
Meubels
Kombuisware
Elektriese toebehore
Enige iets anders wat in jou pad staan
WWW.ONSWINKEL.CO.ZA
Skenk dit aan
ONS WINKEL
BELA-BELA
jou tweedehandse winkel
Ons sit hierdie ware in kontant om en stig dan onder meer studiefondse vir behoeftige kinders om te gaan studeer, of wend dit aan om armoede te verlig.
HELÉNE SCHOEMAN 082 891 9098
Lunastraat 6





"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .

# Deur my Ne9ester kameralens

# KOM NEEM DEEL


## Blokraaisel



**DWARS**

1 Dinge wat geld nie kan koop nie?
4 Hartsmens?
6 ’n Versameling inheemse bome en struike wat in ’n toepaslike area gevestig en versorg word om ’n bepaalde funksie te verrig?
8 Siftingstoets?
9 22 April 2023?
12 ’n Groot brakplek hê?
14 ’n Geleentheid om jou situasie te verbeter?

**AF**

2 Die vrou van Tommy se keuse?
3 Prioriteit van ons inwoners is?
4 Kuber aanslag op die VSA?
5 Uitstekend, baie goed, besonders?
7 Ek groet?
10 ?
11 Strydgesprekke in Jerusalem?
13 ?



Baie geluk aan ons wenner!




Neem ’n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.








## SPORT/ONTSPANNING



| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne biduur | |
| 07:00 – 09:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 08:00 – 09:00 | Water aërobies | | | Water aërobies | |
| 08:00 – 09:00 | | Pilates | | | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | | Lyndans | | Lyndans | |
| 14:00 – 16:00 | | Handwerk | | | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

**Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.**

**Die klubhuis en veral die boma MOET bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.**

**Derek**
**Sosiale Belangegroep**

# Mosambiek Spoegslang (Kobra)



(Naja mossambica mossambica)

- Identifikasie:

  Egalige ligbruin kleur van die rug. Ligte salmpienk pens (onderkant). Duidelik gemerkte swartband oor die keelgedeelte. Selde langer as 1,8 m.

- Verspreiding

  Algemeen aangetref in Angola, Botswana, Mosambiek, Namibië, Suid-Afrika, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. In Suid-Afrika kom dit in Mpumalanga, Noordwes, Gauteng, Limpopo en KwaZulu-Natal voor.



- Opmerkings:

  Mees algemeen van die kobras, maar word nie baie gesien nie: Volwasse kobras beweeg in die nag of betrokke dae, terwyl die jongeres enige tyd gedurende die dag ook aktief is. Bly ook meestal naby water, waarheen hulle vlug wanneer bedreig word. Hulle neig na huise en koeler areas, gaan in en bly daar. So vind die meeste slangbyte plaas wanneer mense slaap.

- Giftig: (BAIE GIFTIG!)

  Geklassifiseer as een van die giftigste slange. Kan “byt” én spoeg. Spoegafstand varieer met grootte van die slang: vanaf 1,5 – 2 m, tot 3 m. Wanneer hulle bedreig voel, word tot ⅔ van die kop en lyf gelig en blaas die keelgedeelte op. Dan leun die kop en nekgedeelte terug om seker te maak dat die gif wat gespoeg word opwaarts en vorentoe gaan. Hy kan selfs met sy bek gedeeltelik, effens oop, ook spoeg (lippe word net effens opgetrek) amper na enige rigting: Dus dié outjie is gevaarlik! En hoef nie eers regop te staan nie. Die spoeg word gemik op die oë, en die gif veroorsaak direkte blindheid. Mediese hulp word dadelik aanbeveel ...

  Hy sal gewoonlik “byt”, en “speel ook dood”. Hierdie slang is verantwoordelik vir die meeste slangbyte in RSA; min sterfgevalle is aangeteken. Gif is sitotoksies en veroorsaak pyn, swelling, blase en, in baie gevalle, weefselskade. Die teengif is effektief.

- Voedsel:

  Bestaan uit paddas, voëls, klein soogdiere, ander slange, selfs pofadders.

Bron: A field guide to Snakes South-Africa, CV.F.M. Fitz Simons, African Snakebite institute.com

~Gusta~

# Boma braai

Donderdag, 13 April, was dit weer tyd hier by Negester vir die eerste Boma Braai van die jaar.

Hoewel die aande nou koel begin word, het die weer mooi saamgespeel en was dit 'n lekker, soel herfsaand.

Daar het 'n vrolike atmosfeer geheers wat nie eens deur die altyd-ontydige beurtkrag gedemp kon word nie. By lampies en liggies is daar gekuier, geëet en gesels.

Derek het weereens gesorg vir die musiek en diegene wie se voete begin jeuk het, het nie op hulle laat wag om 'n paar danspassies uit te voer nie.

Ons sê weereens dankie aan die Negesterre wat gehelp het met die maak van die pap, slaai en sous en die skenk van hout om die vure hoog te laat brand!

Dalene












## Words

Words can harm and words can wound, so choose your words with care. Words can bring a blessing or a hurt beyond repair. Words can make us enemies and Words can make us friends. Words can make a quarrel, and one word can make amends.

~ ~ ~

Words of hate are flung out in danger or in spite. Words of truth are stars that give a sure and steadfast light. Words of peace are isles of quietness in life's troubled sea. Words of love are pearls strung on the threads of memory.

~ ~ ~

So before you speak the things that spring into your mind ~ ask yourself this question: Is it true and is it kind? Guard the gateways of the lips and keep them carefully. Clothe your thoughts in Words of beauty, grace and charity.

~ ~ ~

Author anonymous. (Ingestuur deur 'n Negester inwoner)

# Ne9ester Klein-Kariba Komitees

**SORGDIENSTE**
Direkteur: Volle direksie
Sameroeper: Annatjie Moore

**FINANSIES**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Chris Schoeman

**OMGEWING**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: André Greyling

**NOOD & SEKURITEIT**
Direkteur: Wessie vd Westhuizen
Sameroeper: Ben Meyer

**ESTETIES**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

**INSTANDHOUDING**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

# Ne9ester Klein-Kariba Belangegroepe

**ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED**
Sameroeper: Vakant
KANSA: Nellie Buitendag
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

**MANNE BYBELSTUDIE**
Sameroeper: Johan Nel

**SOSIAAL**
Sameroeper: Derek Grobler
Lyndans: Annette Swart
Biblioteek: Mary-Ann Venter
Handwerk: Rita Coetzee
Markdag: Annatjie Ras
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel
Wyngilde: Alida Meyer

**SPORT**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Vakant
Fietsry: Stephanie de Haas
Tennis: Wilna van Zyl
Rolbal: Leon Raath
Gholf: Coenie Louw
Jukskei: Hannes du Plessis
Putt-Putt: Chris Rademan
Tafeltennis: Piet van Zyl
Pilates: Trish Fitzpatrick
Biokinetika: Hannie Schoeman
Visvang: Cassie Walkers
Water aerobics: Charlotte Burger
Lyndans: Anette Swart

**KOMMUNIKASIE**
**STERRELIG:**
Redakteur: Pierre Jordaan
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag
Webblad: Angus Hughes




BELANGSTELLENDES WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.